HALLO. HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

9 Februarie 2025

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325

DIE STRYD IN JOU KOP



Sondag 9 Februarie 2025, 09:00 @ Hoogland
2 Korintiërs 10:3-5 | Nagmaal

Baie Welkom by vanoggend se Erediens!

Mag jy tuis voel in die Geloofsfamilie van Hoogland

Indien daar enige nuwe lidmate of besoekers is,
die leraar(s) wil jou graag ontmoet. Kom maak asb. kennis, na afloop van die erediens, by die Gemeentedienste tafel in die Voorportaal.
(By die hoofingang.)

Kontak gerus ook vir Annalize in die kerkkantoor (of kyk @ www.pehoogland.co.za onder EK WIL -> LIDMAAT WORD) sodat ons jou besonderhede kan kry en met jou kan kontak maak.
Neem gerus ook 'n "Nuwe Intrekkers" koevert in die brosjure vakkies.

Program van die dag

09:00 Oggenddiens - Nagmaal: Ds Pieter Nel
10:00 GVG in hulle onderskeie lokale
16:30 Buffelsfonteindiens - Nagmaal: Ds Pieter Nel

Deurkollekte: VGK

Program vir die week

Maandag: 10 Februarie
10:00 Gebedsaksie in die Gebedskapel

Dinsdag: 11 Februarie
18:00 Doopkursus

Woensdag: 12 Februarie
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie
18:30 WOW

Donderdag: 13 Februarie
08:15 Dagbestuursvergadering

Vrydag: 14 Februarie
05:15 Mannebediening

Hoogland Dankoffers

... daardeur gaan ons geloof deur liefde tot dade oor

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Hoogland Gebedsaksie

Gebedsversoeke kan vertroulik met 'n *WhatsApp* boodskap gestuur word na 079 815 9325.

Sabbatsverlof

Ds Pieter sal vanaf 16 Februarie tot en met 16 Maart met Sabbatsverlof wees. Hoogland wens hom 'n welverdiende *herlaai tyd* toe. Mag hy genoeg rus en vol nuwe ywer terugkeer. Kontak gerus die kerkkantoor met enige navrae.

"SAVE THE DATE"

Divorce Care begin 15 April @ Hoogland

Navrae: kontak Annalize in die kerkkantoor of gesels gerus met Aletheia Botha

Martin Oelofse, Hoogland se getroue motorwag is tans siek. Daar is dus nie iemand wat nou na die motors omsien tydens die erediens nie.

Wyn op Woensdae

12 Februarie 18:30 @ Jeuglokaal

Laaste WOW in hierdie reeks oor tegnologie. Jy kan steeds kom saam leer – Onthou net om te bespreek!

TEMA vir die aand:

'Staying Safe in the Digital Age: Cybersecurity Tips'

Prof Lynn Futcher and Prof Kerry-Lynn Thomson



Preeknotas vir jongmense

Ouers moedig gerus jou kind / jongmens aan om Sondae 'n preeknota bladsy op die kindertafeltjies te neem en op hierdie manier deel te neem aan die erediens.
Dit is alles so saamgestel sodat kinders / jongmense anders kan dink oor die erediens.
Dit is ook werklik 'n goeie gesprekspunt as u as familie Sondagmiddae aan die etenstafel sit. Neem gerus een.

GEMEENTEKAMP 2025

21 – 23 Maart 2025
te Innikloof (naby Hankey)

Kampkostes
SLEGS KAMPEER plekke beskikbaar :
R150 pppn / volw
R85 pppn kinders
0/5 jaar kamp gratis

Bespreek by Leandra of stuur 'n WhatsApp na 079 815 9325
... dit is 'n langnaweek as jy langer wou kamp

DAGBOEK DIE DATUM

GVG GROEPE

Vrydag, 7 Maart

GVG Potjiekos kompetisie!

GVG spanne ding teen mekaar mee. Inskrywings & navrae by jou kind se Mentor.

Uit die hart...

Die leiers van Hoogland het op Saterdag, 1 Februarie 2025, ontmoet om te luister na God, mekaar en die wêreld waarin ons leef. Ons gesprekke is ingelei deur die verhaal van Jesus wat in gesprek is met twee mans wat op pad was na Emmaus. So padlangs het Jesus met hulle gepraat en Skrifte uitgelê wat op Hom van toepassing was.

Teen die einde van hul reis in Emmaus, wil Jesus verder reis maar die twee mans dring daarop aan dat Jesus by hulle tuisgaan. Aan tafel, bid Jesus en breek die brood voordat Hy uit hulle gesig verdwyn. Dit is in hierdie oomblik wat die twee mans se oë oopgaan en hulle vir Jesus erken. Die mans se reaksie: "Was ons harte nie brandend in ons toe Hy met ons langs die pad gepraat en die Skrifte vir ons uitgelê het nie?"

In my hart en verstand glo ek dat God hierdeur met ons in gesprek getree het. My hart, en ek weet ek was nie alleen nie, was brandend soos ons verder in gesprek was. Eerstens het my hart weer warm geklop oor Hoogland se roeping van die Here af: **Geloof deur liefde tot dade**. Dit is uitgestip in 'n roepings-verklaring wat lui:

God roep Hoogland om:

- familie te wees,
- wat saam groei in geloof,
- almal liefhet en
- 'n verskil maak.

Vandag, Sondag, breek ons saam met mekaar brood en drink die wyn. Eerstens herinner dit ons aan Jesus se offer. Tweedens (net soos die twee Emmausgangers dadelik opgestaan en gaan vertel het wat hulle beleef het) word ons geroep om hierdie roeping uit te leef... altyd.... oral....

Groete ... Pieter